Preek
11 Augustus 2007
Ds Freddie Schoeman

Psalm 23 bied God se oplossing vir sewe lewensprobleme waarmee die meeste van ons worstel. Ons het tot dusvêr reeds gekyk na bekommernis (Die Here is ons herder – Hy sorg), en na druk / stress / spanning (as herder lei die Here ons na waters waar daar vrede is).

Vandag kyk ons na drie dinge wat skade aan 'n mens se *siel* veroorsaak; ek praat dus hier van dinge wat nie net oppervlakkige wonde veroorsaak nie maar wat baie diep in 'n mens se lewe ingryp, só diep dat 'n mens se siel skade kry.

Hierdie drie dinge is:

- Verlies (van iets of iemand wat vir jou baie baie belangrik is – 'n lewensmaat wat jy verloor deur egskeiding of die dood, 'n ouer of 'n kind wat sterf wat 'n diep droefheid veroorsaak)

- Skuldgevoelens (wat veroorsaak word deur dit wat jy aan mense gedoen het; skade wat jy berokken het, mense wat jy deur jou woorde en optrede – of gebrek aan optrede - seer gemaak het.)

- Bitterheid (wat veroorsaak word wanneer ander mense jou seermaak of te na kom, met die gevolg dat jy sukkel om te vergewe.)

Verlies

Om iemand wat na aan jou is en vir wie jy baie lief aan die dood af te staan is seker een van die mees traumatiese gebeurtenisse in 'n mens se lewe. Ander gebeurtenisse soos 'n egskeiding of 'n ander soort verlies kan egter ook intense pyn veroorsaak. Die gevoel van verlies is so ingrypend en veroorsaak soveel pyn dat dit skade aan jou siel doen. Dit laat dus nie net 'n emosionele letsel nie, maar dit veroorsaak 'n wond aan jou siel.

Wat is God se oplossing hiervoor?

Ou Vertaling: Hy *verkwik* ons siel. Die woord wat hier in die oorspronklike taal gebruik word beteken om te herstel, heel te maak, nuwe lewe te gee.

Die Here se oplossing vir 'n stukkende siel is om dit heel te maak, dit te herstel of nuwe lewe te gee.

Hoe werk dit? Hoe herstel die Here 'n mens se siel?

In die eerste plek help Hy jou om te aanvaar wat gebeur het. Dis nie maklik nie en dis nie eenvoudig nie. Dis 'n proses wat tyd neem en wat nie aangejaag kan word nie. Dis ook 'n proses waaroor geen mens beheer oor het nie. Geen mense kan 'n siel heelmaak nie.

Dis net soos 'n fisiese wond. Ons kan die wond skoonmaak, ons kan salf opsit, ons kan die toewerk (steke) as dit groot wond is, ons kan dit versorg en skoon hou deur 'n pleister of verband op te sit. Maar geen mens kan die wond self genees nie. Ons moet wag dat die wond self genees.

Dis dieselfde wanneer ons 'n verlies ervaar en dit 'n wond aan ons siel veroorsaak. Die genesingsproses is iets waaroor slegs die Here beheer het, en ons kan Hom daarvoor vertrou. As herder help Hy ons - ons moet in eerste plek hulp by Hom gaan soek. Dit is noodsaaklik dat ons in so 'n tyd lang tye in stilte by Hom sal deurbring sodat Hy kans kan kry om aan ons siel te werk.

Mense speel ook 'n rol. Hulle kan nie genees nie maar hulle kan 'n rol speel. Watter mense? Nie in die eerste plek die dominee of die sielkundige of die psigiater nie. Maar: die gesin, die familie – veral die geloofsgesin. Die Here het ons as broers en susters vir mekaar gegee – om vir mekaar te sorg, mekaar by te staan en mekaar deur die moeilike tye in die lewe te help.

Mense kan die wond self genees nie. Dis die Here se werk. Maar net soos wat ons 'n fisiese wond kan versorg, kan ons 'n sielswond versorg deur daar te wees vir mekaar en om te sien na mekaar.

Skuldgevoelens

Dit gebeur wanneer jy iemand anders skade berokken. Dit kan natuurlik op 'n miljoen verskillende manier gebeur: deur iets wat jy doen of nalaat om te doen / of deur iets te sê wat kwetsend is. Hoe dit ook al gebeur, die eindresultaat is dat iemand seerkry of verlies ly.

Die moment dat ons besef ons is skuldig kan uiters pynlik wees. Die Bybel vertel van so 'n geleentheid toe die profeet Natan na Dawid toe gekom het (2 Sam 12). "Jy is die man!"

Dawid se reaksie: "Ek het gesondig teen die Here". Om dit te erken veroorsaak baie pyn. Hierdie baie diep intense pyn word raak beskryf in Psalm 38:

2 Moet my tog nie in u toorn bly straf nie,
Here,
en my langer in u gramskap tugtig nie.
3 U pyle het my getref,
u hand lê swaar op my.
4 Deur u toorn is daar nie meer
'n gesonde plek aan my liggaam nie,
deur my sonde is daar nie meer
'n heel plek aan my lyf nie.
5 Ja, my ongeregtighede
het my oorweldig
soos 'n las wat vir my te swaar is.
6 My wonde stink en sweer,
en dít deur my eie dwaasheid.
7 Ek is krom en inmekaar getrek,
ek loop die hele dag en treur,
8 want my lyf brand van die koors
en daar is nie meer
'n gesonde plek
aan my liggaam nie.
9 Ek is gedaan en heeltemal platgeslaan,
my hart jaag en ek brul van die pyn.

Daarom is dit so moeilik om dit te erken en daarom vermy mense dit sovêr as wat hulle kan. Daar is baie maniere:

- Ontkenning (Onderdruk dit; maak asof jy nie skuldig voel nie.)
- Blamering (Iemand anders is verantwoordelik)
- Minimalisering (Dis nie so erg nie)
- Rasionalisering (Almal doen dit)

Help als niks – die wond aan jou siel genees nie.

Enigste manier om hierdie wond te genees is om daarmee na die Here toe te gaan. Hy is jou herder en Hy wil jou siel verkwik. Hy wil dit genees en weer heel maak. Hy wil nuwe lewenskrag gee.

Wat doen die Here? Hy vergewe. Romeine 3:23-24

[23] Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie,
[24] maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

Wat sê hierdie vers? Wat saak maak is nie hoe sleg jy is nie, maar hoe goed God is. Wat saak maak is nie wat jy gedoen het nie, maar wat Christus 2000 jaar gelede gedoen het.

Jy kan vandag na God toe gaan met jou skuldgevoelens. Ek wil jou dringend uitnooi om dit te doen. Jy kan vanoggend as 'n vry mens by hierdie kerkgebou uitstap.

Bitterheid

Dis wanneer iemand jou skade berokken en jou seermaak en jy sukkel om te vergewe en jy 'n wrok in jou hart koester teenoor mense. Ons lewe in 'n wêreld waar mense mekaar seermaak. Een of ander tyd kry ons almal van ons seer. Maar soms gebeur dit dat ons siel in die proses skade kry. Dat die seer so diep is dat dit menslik gesproke ongeneeslik is. Hoe hanteer ons dit?

Ons kan natuurlik toelaat dat dit ons opvreet van binne. Elke keer as ons die persoon sien of met die persoon te doen kry, dan is dit asof die wond aan ons siel weer begin bloei. Dit is egter onsinnig om dit te doen. Dit het geen nut nie. Dit doen niks nie. Ons neem nie wraak nie, ons maak nie die persoon wat ons seergemaak het terug seer nie, ons maak net onsself seer.

Die Here is ons herder. Hy wil ons siel verkwik. Hy wil die wond aan ons siel genees. Daarom moet ons Hom toelaat om dit te doen. Hoe doen ons dit in hierdie geval?

[17] Moenie kwaad met kwaad
vergeld nie. ...
[19] Moenie self wraak neem nie,
geliefdes,
maar laat dit oor aan die oordeel
van God.
...
[20] "As jou vyand honger is,
gee hom iets om te eet;
as hy dors is,
gee hom iets om te drink;
want deur dit te doen,

maak jy hom vuurrooi
van skaamte."
[21] *Moet jou nie deur die kwaad*
laat oorwin nie,
maar oorwin die kwaad
deur die goeie.

Dit is wat Christus aan die kruis gedoen het. Hy het die bose kringloop verbreek deur toe te laat dat die boosheid van die wêreld in sy volle velheid teen Hom aankom, en dit net daar versmoor deur te bid: "Vader, vergeef hulle …"

…vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het. (Ef 4:32)